DIE STAAT teen BALEKA en ANDERE

---

REPLIEK VAN DIE STAAT

---

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die Verdediging se argument, verwysende na Vol. C, p. 232, van die Oorkonde dat die Staat slegs steun op 'n gewelddadige oorname van die Staatsgesag, skets nie die volle prentjie nie.

Dit is so dat die langtermyn doel is om die Staatsgesag met geweld oor te neem. Die bewering van die Staat is ook dat daar ook korttermyndoelstellings is wat uitgevoer word ter bevordering en uiteindelike verwesenliking van die genoemde langtermyn en uiteindelike finale doelstellings. Dit sluit onder andere in die ingevaarstelling van die Regering deur geweld en/of dreige= mente van geweld en/of ander wyses wat die gebruik van geweld insluit of beoog.

Vir volledigheidshalwe word spesifieke en tersaaklike dele uit die Akte van Beskuldiging hier aangehaal wat bevestig dat daar heelwat korttermyn doelstellings was wat deur UDF aangewend was wat uitgevoer was en moes ontwikkel tot die uiteindelike doel. Die sameswering was lewendig en hierdie korttermyn doelstellings was uitgevoer ter uitvoering van die sameswering en was voortge= sit totdat die sameswering tot 'n einde sou kom deur die bereiking van hul einddoel of totdat die sameswering vir een of ander rede tot 'n einde gekom het voordat die einddoel bereik is.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie tussentydse doelstel= lings beweer was in die Akte en dat oorvloediglik bewys was dat handelinge verrig was ter uitvoering daarvan ter uitvoering van die sameswering.

2/ ...........

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1. AKTE VAN BESKULDIGING.

p. 7 : EN NADEMAAL die doelstelling van UDF was en is, die wederregtelike omverwerping en/of ingevaar=stelling van die wettige Regering deur geweld, en/of dreigemente van geweld en/of ander wyses wat die gebruik van geweld insluit of beoog.

p. 7/8 : Dat UDF (in geheel) besef, aanvaar en verklaar -

(1) bogenoemde doelstellings van UDF slegs by wyse van buite-parlementêre metodes bereik of verwesenlik sal en kan word.

(2) Dat UDF hierdie taak moes onderneem en dat dit slegs verwesenlik sal kan en moet word indien die massas, en veral die Swart massas, in die RSA verenig kan word en as verenigde mag betrek en oorreed kan word om deel te neem aan die sogenaamde vryheidstryd.

(3) Dat om hierdie taak suksesvol uit te voer moet UDF soos hierbo omskryf, en aktiewe ondersteuners, veral die Swart massas in die RSA verenig, organiseer, mobiliseer, polities opsweep en indoktrineer, kondisioneer en/of aktiveer tot deelname aan aktiwiteite, dade, projekte, handelinge en/of geweldpleging waardeur die RSA onregeerbaar gemaak moet word en welke situasie moet ontwikkel in 'n gewelddadige rewolusie deur veral die Swart massas in die RSA.

(4) Dat, ten einde die Swart massas in die RSA te organiseer, te mobiliseer, polities op te sweep en te indoktrineer, te kondisioneer en/of te aktiveer om hulle te betrek in akti=witeite, dade, projekte, handelinge en/of

3/ .............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geweldpleging om die hierbogenoemde doel te bereik, moet en kan gebruik gemaak word van onder andere, propaganda-aanvalle :

(a) op die Regering en die Blanke minderheid in die RSA;

(b) op sogenaamde omstrede beleid en wetge= wing in die RSA;

(c) op regeringstrukture wat bestaan en mag ontstaan in die RSA; en

(d) gebaseer op sogenaamde daaglikse vraag= stukke (sg. "day-to-day issues") wat die Swart massas ervaar gedurende hul daag= likse bestaan.

p. 10 : Dat ter uitvoering van die doelstelling(s) of ter bevordering daarvan en/of ter uitvoering van die sameswering(s) het beskuldigdes en ander persone een of meer of al die dade en handelinge in die Bylae uiteengesit of gepleeg of verrig.

2. BESONDERHEDE AANGEVRA -
VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ELK VAN DIE "ANDER WYSES WAT DIE GEBRUIK VAN GEWELD INSLUIT OF BEOOG".

p. 29 Besonderhede: Die "ander wyses" sluit in die mobili= sering, organisering, politisering en aktivering van veral die Swart massas in die RSA sodat hulle kan meehelp om die RSA of enige deel daarvan onregeer= baar te maak, regeringstrukture, soos byvoorbeeld Swart Plaaslike Besture, deur intimidasie of dreigemente van geweld of geweld, uit te skakel en onwerkbaar te maak, konfrontasie met die S.A. Veilig=

4/ ...........

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

heidsmagte uit te lok en/of algemene vrees onder die bevolking in die RSA te kweek en te bevorder.

Dit word betoog dat waar UDF byvoorbeeld in Bewysstuk CA1 hul "suksesse" uiteensit, hulle dit doen om die massas te organi= seer, mibiliseer en te politiseer. Die Staat beweer werklik dat dit een van die korttermyn doelstellings van UDF is en gevolglik betoog die Staat dat dit wat in CA1 uiteengesit word, derhalwe uitvoerende verklarings is ter bevordering van die gemeenskaplike doelstellings en die sameswering.

3. Die verdere en beter besonderhede verskaf ook meer besonderhede oor die korttermyn doelstellings.

"OBJEKSIE 4:
<u>VRAAG 1.5 VAN VERSOEK OM NADERE BESONDERHEDE</u>:

1.5 Die bestaan van die sameswering word afgelei van -

'(2) Die feit dat UDF tot stand gekom het met spesi= fieke doelstellings en projekte. Hierdie doel= stellings word meer volledig uiteengesit en behels -

A. <u>AS LANGTERMYNDOELSTELLINGS</u> -

(i) Met die stigting van UDF op 20 Augustus 1983 was sy doelstelling die omverwerping en/of ingevaarstelling van die wettige Regering in die RSA deur geweld en/of dreigemente van geweld en/of op ander wyses wat die gebruik van geweld insluit of beoog. Of hierdie doel= stellings in 'n konstitusie of resolusie vervat is, is op hierdie stadium aan die Staat onbe= kend. Dit is ook aan die Staat op hierdie stadium onbekend deur wie namens UDF, waar en onder welke omstandighede hierdie doelstellings aangeneem is.

5/ .........

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

(ii) Om die bestaande Regering in die RSA te ver= vang met 'n sogenaamde verenigde demokratiese Suid-Afrika, gebaseer op die wil van die massas.

Hierdie doelstelling word beliggaam in Bewys= stuk Al, p. 4, para. 2, en die Staat steun ook op die antwoord en dokumente verskaf in para. 9.3(x) infra (Objeksie 8).

B. AS KORTTERMYNDOELSTELLINGS -

Ter verwesenliking van gemelde langtermyndoelstel= lings het UDF op 20 Augustus 1983 spesifieke doel= stellings aanvaar, te wete -

(i) Om die massas te verenig deur aksie teen apart= heid, ekonomiese en ander vorme van sogenaamde eksploitasie. Hierdie doelstelling word belig= gaam in Stuk Al, p. 4, para. 3.

(ii) Om die massas, waar hulle hulself ookal mag bevind, hetsy in stede, die platteland, fa= brieke en myne, skole, kolleges, universiteite, huise, sportvelde, of kerke; te verenig om te veg vir hul sogenaamde vryheid. Hierdie doel= stelling word vervat in Stuk Al, p. 5, para. 8.

(iii) Om alle gemeenskaps-, werkers-, studente-, vroue-, godsdiens-, sport- en ander organisa= sies onder die vaandel van UDF te organiseer en te mobiliseer. Hierdie doelstelling is vervat in Stuk Al, p. 5, para. 10.

(iv) Om die massas te politiseer en te verenig in gesamentlike aksie teen die Regering, Regerings= beleid en -wetgewing. Hierdie doelstelling word vervat in Stuk Al, p. 5, para. 11.

6/ ............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

(v) Om die massas te politiseer, organiseer, mobiliseer en te kondisioneer was resolusies aanvaar ingevolge waarvan "UDF" by wyse van kampanjes teen die Regering, sy beleid, wet= gewing en -instellings die Regering sal op= poneer en uitdaag. Hierdie doelstelling word beliggaam in Stuk A1, p. 5, para. 10; p. 8, para. 3.1; pp. 23 - 33.

(vi) Om die Vryheidstryd in fases te voer waaronder -

(a) 'n sogenaamde "protes"-fase waar meer van protes gebruik gemaak word om afkeur en teenkanting teen die Regering, bestaande bestel en -instellings te kweek en bevorder word, waardeur die massas en veral die Swart massas gepolitiseer en mobiliseer moet word;

(b) 'n sogenaamde "challenge"-fase, waar die Staat uitgedaag en gekonfronteer word op alle terreine;
om die Staat se programme en instellings onwerkbaar te maak;
om die Staat te isoleer, en
om van mobilisasie, dit is die gebied van sporadiese opstande en botsings met die Staat, na intensiewe organisasie oor te gaan waar die Staat op 'n hoogsgeorgani= seerde basis gekonfronteer word deur die massas.

Hierdie doelstelling is sover aan die Staat bekend, nie in 'n konstitusie of resolusie vervat nie, behalwe dat op 'n Nasionale Uitvoerende Komiteevergadering te Johannes= burg op 10 en 11 November 1984, en waarop die persone genoem in para. 1 van Stuk J1,

7/ ...........

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ʼn bespreking gevoer het oor ʼn inset getiteld "On Political Aspects of the Front", en wat in Stuk J.3 beliggaam is en waarin dit gestel word dat UDF moet voortgaan om hul doel van ʼn hoogsgeorga= niseerde massa wat bevoeg is om die alge= mene balans van magte in die RSA in hul guns te swaai, te bereik.

Wanneer, waar, deur wie en hoe hierdie doelstelling namens UDF aanvaar is, is op hierdie stadium aan die Staat onbekend, maar die bestaan van so ʼn doelstelling blyk uit dokumente C.100, waarvan ʼn vol= ledige teks hierby aangeheg word as Stuk AAD5, sowel as C106."

4. Die deel van die besonderhede wat Objeksie 4, para. 1.5, A(ii) aanvul, is die volgende uit Objeksie 8, para. 9.3(x) -

"OBJEKSIE 8:
PARA. 9.3(x) en (xiii) VAN DIE
<u>VERSOEK OM NADERE BESONDERHEDE</u>:

Om die Republiek van Suid-Afrika onregeerbaar te maak, was gepubliseer en georganiseer en gepropageer -

<u>Para. 9.3(x)</u>:

(1) Dat die vryheidstryd wat gevoer word, nie ʼn stryd is vir burgerregte nie, maar ʼn stryd is vir magsoorname met ʼn rewolusionêre inslag.

Die dokumente en passasies is -

C6 (in geheel)
C7 (in geheel)
C10 (in geheel)
C97 (in geheel) (Sien Stuk U3-c)



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

C100 (in geheel)-(lees saam met AAD5, in geheel)

C102, p. 6 "Statement of the UDF National General Council" para. 3 - 4

C102 "Secretarial Report", p. 10

C106, p. 3 para. (e) 2 - 4

C131, p. 1 para. (e) 1 en 5 en die res

C132, p. 3, laaste paragraaf.

J3, p. 1, para. 2

J8, p. 3, para. 1

J9, p. 5, tweede-laaste paragraaf.

U1, p. 1 para. getiteld "Who is an activist" tot p. 4, tot voor para. getiteld "Activist should not be rigid".

V1, p. 5, para. 1, p. 20, para. 1 en p. 38, para. 1

V3, p. 18 para. (e) 3 tot en met 6; p. 28, para. 1

V4, p. 6, para. 4

V9, p. 27, para. (e) 1 en 2

V11, p. 5 para. (e) 1 en 2 en p. 6 in geheel

V12, p. 48, para. 3; p. 51, para. (e) 4 en 5; en p. 52 para. (e) 1 - 3

V14, p. 50 - 51 in geheel

V15, p. 21, para. 3; p. 22, para. 3 en p. 23 - 27 in geheel

V16, p. 8 in geheel

V17, p. 42, para. 2

V18(A) p. 15, para. 2; p. 42 in geheel; p. 47 in geheel en p. 50 in geheel

V19(B) p. 2 in geheel en p. 12 in geheel

V20 p. 4 in geheel en p. 14 in geheel.

W13 p. 5 kolom 1

W19, p. 1, kolom 2 en p. 3 kolom 1

W39, p. 9 (in geheel)

W56, p. 8 kolom 2;

W67, p. 1 kolomme 1 en 2

W69, p. 3, artikel getiteld "No to PW's Plans" en p. 7 artikel getiteld "Message from Rev. F. Chikane - Vice-President of UDF".

9/ ...............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

AB25, p. 1

AB34, dokument getiteld "Azaso Wes-Kaap Verslag".

AE8 (in geheel)

AE10 (in geheel)

AE23 (in geheel).

AL5 (in geheel)

AL7, p. 2, laaste paragraaf.

AAD2 p. 1, para. 4; p. 5, eerste kolom; p. 8 (in geheel), en p. 9 tot voor artikel "Letter Box"

AAD3 (in geheel).

(2) Om apartheid en die sogenaamde Apartheidsregering, die apartheidsisteem en apartheidstrukture uit te daag, onwerkbaar te maak, te vernietig en die land onregeer=baar te maak en die sogenaamde alternatiewe demokratiese strukture daar te stel.

Die dokument en passasies is -

C1 p. 2, para. 2 en p. 4, para. 2

C6, p. 2 para. 5

C9, p. 3, para (v)

C14, p. 2, para. 5 - p. 3, para. 1

C23, p. 5, para. 3

C27 (in geheel)

C53, p. 8, para. 4; p. 18, para. 1

C55, p. 5, para. 4

C75, p. 1 para 5

C97, p. 30, para. 2; p. 32, para. 5

C100 (in geheel)-(lees saam met AAD5, in geheel)

C102, buiteblad "Statement of UDF National General Council", p. 1 para. 3 en 4; p. 2 para. 1 - 5; en "Secretarial Report" (in geheel)

C106 (in geheel)

C138, p. 5, para. 3 van Sekretariële Verslag.

10/ .............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

J3, p. 1 para. 5 - 6

T25, p. 2, para. 2 - 5; p. 5, para. 2

U4-b, p. 3, para. 3 - 5

V1, p. 5, para. 1

V2, p. 5 (in geheel)

V3, p. 12, para. 2; p. 14, para. 1;
p. 18, para. 3 - 6; p. 24 para. 3;
p. 28 para. 1

V4, p. 2 para. 1 - 2; p. 16 para. 1

V6, p. 10 (in geheel)

V9, p. 8 (in geheel); p. 27, para. 3

V13, p. 3 (in geheel)

V14, p. 5, laaste para.; p. 6, eerste para.;
p. 12, para. 1; p. 24, para. 2

V15, p. 23 - 26 (in geheel)

V17, p. 42, para. 2; p. 45 para. 5;
p. 46, para. 2

V20, p. 19, para. 2.

W26, p. 5, eerste kolom, 4de para.

W30, p. 3, para. 2

W32, p. 2 kolomme 1 - 5; p. 3, eerste kolom, laaste para.

W48, p. 13, kolom 3

W49, p. 2 (in geheel)

W50, p. 2, kolom 2, para. 1

W51, p. 3, para. 4

W56, p. 2, kolom 2

W59, p. 7 para. 8

W61, p. 56, 2de kolom

W72, "Sekretariële Verslag", p. 1, para. 4

W74, p. 3 kolom 1, laaste para. - kolom 2, eerste para.

AB14, p. 3, para. 3

AB17, dokument getiteld "Boikot" in geheel

AB33, in geheel

11/ ..............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

AB39, p. 1, 2de para.

AB40, p. 1, tweede kolom, eerste paragraaf

AC7, p. 3, laaste paragraaf.

AJ10, p. 1, para. 2

AJ29, p. 2, para. 3, p. 3 para. 5; p. 6, para. 10.

AL5, p. 2, para. 4

AL8, p. 2, laaste para.

AL12, p. 1 laaste para.; p. 2 laaste para.;
p. 3 eerste para.; p. 5 laaste para. -
p. 6 eerste para.; p. 7 eerste para.

AL32, p. 1 (in geheel)

AL71, p. 1, para. 5 - 6.

AM20, p. 2, para. genommer "3.5".

AAD1, p. 1, kolom 1, para. 1

AAD2, p. 3 in geheel

AAD4, in geheel."

5. AKTE VAN BESKULDIGING (PARAGRAAF 77).

Dit is ons respekvolle betoog dat die Verdediging hierdie deel van die Akte van Beskuldiging wil laat vertolk as 'n opeenvol= ging van gebeure. In die verband word beweer dat beskuldigde 5 vanaf Motjeane se huis sou gegaan het na Diphoko se huis en daar deelgeneem het aan die aktiwiteite daar.

Dit is ons respekvolle betoog dat para. 77(15) dit duidelik maak dat dit nie hier gaan om 'n aaneenskakeling van gebeure nie. Hierdie paragraaf maak dit duidelik dat verwys word na ver= skillende insidente wat plaasgevind het oor 'n tydperk vanaf 3 September 1984 tot aan die einde van September 1984 en wat ook plaasgevind het op verskillende plekke.

12/ ............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Een so 'n insident byvoorbeeld was by Diphoko se huis, 'n ander in Sebokeng by Raadslid Chikane se huis en 'n ander insident het plaasgevind in Sharpeville by Raadslid Dlamini se huis, maar dit beteken nie dat die Staat beweer het dat dit nood=wendig in daardie volgorde van tyd plaasgevind het nie.

6. DIE SAAK VAN R vs ADAMS AND OTHERS.

Na aanleiding van die Verdediging se betoog ten opsige van hierdie saak, wens die Staat op die volgende aspekte te wys wat hierdie saak van die saak van S vs Baleka en Andere onderskei -

(1) Uit die redes van Sy Edeles R. Rumpff en R Kennedy blyk dit duidelik dat die hof aldaar gekonfronteer was met onbevredigende transkripsies van toesprake wat gelewer sou gewees het by die vergaderings;
SIEN: p. 9, para. 8(b) van die gesamentlike uitspraak;
p. 34 van R. Rumpff se redes;
pp. 3, 14, 16, 17, 19. 20 en 22 van R. Kennedy se redes.

(2) Verder was die hof in die Adams-saak konfronteer met die feit dat daar 'n aantal amptelike stukke van die ANC voor die hof was wat aangetoon het dat die ANC op daardie stadium nie-gewelddadig was nie -
SIEN: p. 9, para. 8(c) van die gesamentlike uitspraak;
p. 32 laaste paragraaf;
p. 33 eerste paragraaf van R. Rumpff se redes;
p. 76 - 79 van R. Kennedy se redes.

(3) In die Adams-saak het dit verder geblyk dat die sprekers wat geweld sou gepredik het, hulself op die vergaderings hieroor weerspreek het en deur ander sprekers teengespreek is -
SIEN: p. 36, para. 3 - 4 van R. Rumpff se redes.

13/ ...........

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

(4) In die Adams-saak is 'n aantal leiers van die ANC geroep en het hulle in hul direkte getuienis getuig dat die ANC nie geweld voorstaan nie, ook was daar drie staatsgetuies wat die feit kom bevestig het -
SIEN: p. 27, lste paragraaf van R. Rumpff se redes;
p. 23 - 36 van R. Bekker se redes.

(5) In die Adams-saak was bewys dat die ANC intern aan sy lede verklaar het dat dit nie-gewelddadig is nie -
SIEN: p. 167 - 8 van R. Rumpff se redes;

(6) Van die toesprake waarop die Staat in die Adams-saak gesteun het om 'n gewelddadige beleid te bewys, was bewys dat die toesprake gemaak was nie in amptelike hoedanighede as ANC-leiersfigure nie, maar in ander hoedanighede -
SIEN: p. 3 van r. Rumpff se redes.

(7) In die Adams-saak was dit bewys dat die Staat oor meer as 15,000 vergaderings se transkripsies beskik het, maar net 'n "minute percentage" van die transkripsies voor die hof gehad het -
SIEN: p. 10, para. 9 van die gesamentlike uitspraak;
p. 35 van R. Rumpff se redes;
p. 23 van R. Kennedy se redes.

(8) In die Adams-saak het die Staat nie daarin geslaag om 'n beleid te bewys, naamlik dat die ANC 'n gewelddadige kon= frontasie met die Polisie voorsien het nie -
SIEN: p. 160 van R. Rumpff se redes;
p. 164 - 5 van R. Rumpff se redes.

AD PARA. (1) SUPRA:

In casu is daar voor die Agbare Hof nie net tegniese opnames van wat op die massa-vergaderings gesê is nie, maar ook video-opnames, en dit maak 'n wesenlike verskil omdat hier nie nou

14/ .............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sprake kan wees of 'n sekere persoon wel sekere verklarings op 'n vergadering gemaak het nie. Ook kon die hof hier met be= hulp van die video-opnames die atmosfeer waarin die verklarings gemaak is nie net hoor nie, maar ook sien, asook die effek wat dit op die toehoorders gehad het.

AD PARA. (2) SUPRA:

In casu is daar met respek, geen amptelike stukke van UDF waarin UDF verklaar dat hulle nie-gewelddadig is nie - die "Working Principles" en Deklarasie swyg eenvoudig oor die vraag of UDF nie-gewelddadig is.

AD PARA. (3) SUPRA:

In casu vind ons slegs dat waar die Polisie "verwelkom" word op vergaderings, naamlik waar dit duidelik gemaak was dat die persone definitief weet daar is Polisie teenwoordig, dat uit= latings gemaak sal word dat die UDF moontlik nie-gewelddadig sou wees. Daar is in ieder geval geen enkele transkripsie voor die hof geplaas deur óf die Staat óf die Verdediging waaruit dit blyk dat 'n spreker wat geweld gepredik het óf hom= self hieroor weerspreek het op die vergadering, óf deur 'n ander spreker weerspreek is, óf deur die voorsitter óf enige ander spreker repudieer is.

AD PARA. (4) SUPRA:

Nie 'n enkele leier van UDF, behalwe beskuldigdes 19, 20 of 21, sou geroep gewees het om oor UDF se beleid van nie-geweld te kom getuig nie - Dr. Motlana is die enigste moontlike uitson= dering, maar hyself was net op 3 - 4 UDF-vergaderings en op sy getuienis kan in ieder geval nie gesteun word nie - watter soort UDF-leier is hy wat net 3 - 4 vergaderings bygewoon het en wat voorgee aan die hof dat hy nie weet hoekom hy op UDF se bestuur is en deur wie hy verkies is nie? Waarom is die per=

15/ ..............

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sone wat volgens die Staat geweld gepredik het, soos Oscar Mpetha, Albertina Sisulu, Amanda Kwadi, Frank Chikane en andere, nie geroep om hul optrede te verduidelik nie.

AD PARA. (5) SUPRA:

Hier is geen sulke getuienis voorgelê om aan te toon dat UDF intern aan sy lede verduidelik het dat UDF nie-gewelddadig is nie, maar beskuldigde 20 het inteendeel die organisasies aan=gestig om ten opsigte van die skoliere-boikotte, waar geweld hoogty gevier het, die aksie te intensifiseer.

Daar is wel van tyd tot tyd, soos uit die DA-reeks bewysstukke blyk, in die openbare pers verklaar dat UDF dan nou nie-gewelddadig sou wees, maar dit word betoog dat UDF dit eenvou=dig gedoen het omdat dit weens die omstandighede nie anders kon nie - UDF is direk van gewelddadigheid beskuldig en het ook voortdurend verbanning gevrees - sou UDF onder sulke om=standighede swyg, kon dit as 'n erkenning beskou word dat UDF gewelddadig is, en daarom het UDF noodgedwonge verklaar dat dit nie-gewelddadig is nie.

AD PARA. (6) SUPRA:

Dit is nie in casu getuig dat enige van die sprekers wat vol=gens die Staat geweld gepredik het, nie in hul amptelike hoedanighede gepraat het nie - in ieder geval het UDF hom tot op datum nog nie in die openbaar daarvan distansieer nie - en as dit so was sou die Verdediging definitief sulke getuienis aan die hof voorgelê het.

AD PARA. (7) SUPRA:

In casu was daar geensins sprake van naastenby soveel vergade=rings soos in die Adams-saak bewys is nie, en in ieder geval



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was alle transkripsies van vergaderings en ook die werklike opnames, sowel as alle dokumente waaroor die Staat beskik, tot beskikking van die Verdediging gestel wat dit wel onder oë gehad het, en word dit betoog dat hierdie aspek hierdie saak onderskei van die Adams-saak; indien daar enige toespraak of dokument was wat die Verdediging op enige aspek van hul verweer sou gehelp het, sou dit nou voor die hof gewees het - dit kan dus aanvaar word dat daar geen enkele dokument of transkripsie of opname oor vergaderings is wat nie voor die hof gelê is en wat sal aantoon dat UDF of sy leiers sou ver= klaar het dat UDF nie-gewelddadig is nie.

AD PARA. (8) SUPRA:

In casu is bewys dat UDF bewus was van die geweldpleging wat daagliks in die woonbuurtes rondom die kwessies van veral die Swart Plaaslike Besture en Onderwys aan die gang was en het beskuldigde 20 veral die jeug se aggressiwiteit besef en verklaar dat die skole-boikotte vererger moet word onder hier= die omstandighede - al afleiding wat gemaak kan word is dat UDF die geweldpleging wat daagliks voorgekom het, en wat UDF volgens die Staat se betoog in ieder geval beplan het, verder wou uitbuit om hul doel te bereik - Bewysstuk AJ39.

## A L G E M E E N :

Dit is die Staat se betoog dat indien enige organisasie beoog om 'n ander onwettige organisasie se doelstellings te bevorder, of beoog om met so 'n organisasie saam te werk, dit naïef sal wees om so 'n doelstelling in die organisasie se Konstitusie, Deklarasie of "Working Principles" te probeer soek - eenvoudig omdat 'n orga= nisasie wat so-iets in sy Deklarasie of elders sou verklaar, nog

17/ ..........

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voordat hy sal kan opereer, in die ban gedoen sal word. Dit word dus betoog dat die werklike doelstellings van 'n organisasie ook van ander faktore afgelei moet kan word - veral as 'n organisasie iets onwettigs doen.

In casu word betoog moet die hof let op wie UDF se leiers is en wat hul geskiedenis is, (verbintenisse met onwettige organisasies, en veral dié een wat beweer word bedoel was om met saam te sweer of bedoel was om geweld te bevorder, soos die ANC), ook behoort die hof te let op wat UDF se leiers sê, en wat op UDF se vergaderings gesê word; verder behoort die hof te let op welke geweldpleging uitgebreek het, en of UDF of sy affiliale op daardie tydstip enige kampanjes in daardie woonbuurt gevoer het om dieselfde knelpunte as waaromheen die geweld uitgebreek het. Ook behoort die hof veral te let op hoeveel plekke oral geweld uitgebreek het rondom knelpunte waarom UDF of sy affiliale kampanjes gevoer het; ook behoort die hof te let op die totale afwesigheid van enige kritiek van UDF op die gewelddadige optredes van die ANC en op die onsin=nige verduideliking daarvoor deur UDF (dit sou niks met UDF te make hê nie), en ook behoort die hof te let op die groot aantal vryheidsliedere wat op die vergaderings van UDF en sy affiliale gesing was, waar die ANC, sy leiers, Umkhonto we Sizwe en dade van geweld van die ANC verheerlik word.

Dit word betoog dat die hof nie, soos die Verdediging, elke omstan=digheid afsonderlik moet bekyk en elke omstandigheid een vir een afsonderlik moet oorweeg nie, maar dat die hof na al die faktore gesamentlik moet kyk om dan te bepaal of die hof as die enigste

18/ .................

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

redelike afleiding kan bepaal, (in die omstandighede waar 'n organisasie nie openlik sal kan verklaar of hy gewelddadig is), of UDF geweld nastreef -

VIDE: R vs DE VILLIERS, 1944 AD 493 op p. 508 - 509.

"The Court must not take each circumstance separately and give the accused the benefit of any reasonable doubt as to the inference to be drawn from each one so taken. It must carefully weigh the cumulative effect of all of them together, and it is only after it has done so that the accused is entitled to the benefit of any reasonable doubt which it may have as to whether the inference of guilt is the only inference which can reasonably be drawn. To put the matter in another way; the Crown must satisfy the Court, not that each separate fact is inconsistent with the innocence of the accused, but that the evidence as a whole is beyond reasonable doubt inconsistent with such innocence."

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.